13.8 RAPPORT 8: FINANSIES – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO (Artt 213, 217, 262)

A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
B. Br LJ Kruger lewer die Rapport.
C. Br LJ Kruger, di W Vogel en CA Jansen stel die saak oor ramings waarna bespreking volg.
D. **Besluit:** Volstaan met bespreking oor ramings.
E. **Besluit:** Die verpligte en vrywillige kollektes word verwys na die Finansiële Kommissie.

F. **RAPPORT**

1. Spesifieke opdragte

1.1 *Acta 2012:64, 4: Lenings aan kerke, individuele studente en personeel se ouderdomsanalise van agterstallige bedrae, per kategorie as Bylae gespesifiseer te word om die Finansiële State te vergesel.*

Uitvoering:

a) Daar is geen agterstallige paaiemente op kerk-, professore en personeellenings nie.
b) Studenteleningsouderdomsanalise is in die Finansiële State soos op 30 Junie 2014 (met vergelykende syfers 2013) geïntegreer.
c) Studentelenings word eers terugbetaalbaar 90 dae na die lener die kwalifikasie verwerf het. Hierdie lenings word deurlopend deur die Administratiewe Bestuurder gekontroleer, om sodoende reëlings te tref in agterstallige gevalle. ‘n Ongeskrewe reël wat in die jongste tyd toegepas word is om die krediet per individu te beperk sodat:
   - meer studente finansieël ondersteun kan word;
   - verliese weens oninvorderbaarheid te beperk.

1.2 *Acta 2012:64, 5: Ontvangbare handelsdebiteure ouer as 120 dae se ouderdomsanalise van 120, 150, 180 en >180 dae behoort as Bylae tot die Finansiële State aan die Kommissie van Finansies beskikbaar gestel te word. ‘n Beleid betreffende die hantering van oninbare skuld behoort geïmplementeer te word.*

Uitvoering:

a) Is in die Finansiële State soos op 30 Junie 2014 (met vergelykende syfers 2013) geïntegreer.
b) Die invorderbaarheid van debiteure word jaarliks in samewerking met die Ouditeure bepaal.
c) Debiteure wat eenmaal oninvorderbaar was mag nie weer kredietaankope doen nie.

1.3 *Acta 2012:64, 7: Die geouditeerde Finansiële State soos ingesluit in die Agenda van die Algemene Sinode, wat voldoen aan wetlike vereistes, in die toekoms steeds so gepubliseer word.*

Uitvoering: So gedoen en voortgesit.

1.4 *Acta 2012:63, 3.1: Die Bestuur van die Administratiewe Buro in hul Rapport 2015 ook die lys van kollektes invoeg, net soos die ramings. ‘n Versoek dat Deputategroepe wat kollektes ontvang, sal onthou om dit in hul Rapport te verreken.*

Uitvoering: Opdrag uitgevoer.

KOLLEKTE	AANTAL	2011	2012	2013	2014
Bybelverspreiding	1	1,025,739.60	1,268,684.23	1,356,763.25	1,244,952.79
Dankbaarheidsfonds	1	28,532.33	313,743.81	303,818.14	289,046.69
Kerklike Tydskrifte	1	-	7,393.05	126,282.29	160,830.41
Ekumenisiteit [Buitelands]	1	190,684.17	217,861.22	182,960.98	209,507.28
Ekumenisiteit – Gereformeerdes in Londen	1	111,288.41	92,841.28	114,297.54	112,209.20
Emeritaatsversorging	7	1,141,214.87	1,145,113.40	1,212,718.81	1,271,403.17
GKSA Sustentasiefonds	5	909,198.79	864,694.69	1,241,762.65	957,797.64
Pro Ecclesiastudieleningsfonds	1	185,426.94	206,013.72	213,644.59	224,476.51
Teologiese Studentekas	6	1,026,978.61	1,085,457.92	1,108,075.71	1,113,887.96
Christelike Onderwys – Arso/Lesmateriaal	1	111,314.75	126,208.36	140,147.76	163,994.64
Deputate Jeugsorg	1	81,420.54	108,272.60	159,020.89	187,958.04
		4,811,799.01	**5,436,284.28**	**6,159,492.61**	**5,936,064.33**



1.5 *Acta 2012:463, 1: Boekevoorraad moet in die aantekeninge tot die Finansiële State gekategoriseer word onder hoofde van Administratiewe Buro, CJBF, Evangeliseringsmedia en Totiusfondse. 'n Ouderdomsanalise van 180, 365, 548 en 720> dae moet per kategorie ingesluit wees.*
Uitvoering: Is in die Finansiële State soos op 30 Junie 2014 (met vergelykende syfers 2013) geïntegreer.

1.6 *Acta 2012:463, 2: Vir volledigheidshalwe word versoek dat CJBF, Evangeliseringsmedia en Totiusfonds se Finansiële State in dieselfde formaat as die van die Dankbaarheidsfonds voorberei en aangebied word (spesifieke fondse).*
Uitvoering: Is in die Finansiële State soos op 30 Junie 2014 (met vergelykende syfers 2013) geïntegreer.

1.7 *Acta 2012:255, 2.1: Die Administratiewe Buro en Deputate Jeugsorg verantwoordelik vir die Kruispadtydskrif vergader saam om oplossings te vind hoe die huidige verlies en die begrotingstekort in die begroting vir 2012 gefinansier kan word.*

Uitvoering:

a) Kostebesparing op bedryfsuitgawes is bewerkstellig, bywyse van die inwin van kwotasies en verandering van diensverskaffers in bepaalde gevalle.
b) Deur te verseker dat 4 uitgawes per jaar verskyn, waarvoor intekenare gefaktureer kan word.
c) Intekenjaar is in ooreenstemming met die van die ander Kerklike tydskrifte gebring om administrasie te vereenvoudig en meer doeltreffend te maak.
d) 'n Eenmalige donasie vanaf die Jeugsorgfonds (een derde van die behoue surplus van die Jeugsorgfonds) is aan beide *Kruispad* en Gee Jaar gemaak.
e) 'n Jaarlikse donasie van een derde van die netto inkomste van die Jeugsorgfonds word aangewend om die bestaande tekorte op die *Kruispad* en Gee Jaarrekeninge af te werk.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.7 kennis geneem.

2. Sake vir die Ledevergadering

2.1 Van die Deputategroepe wat nie saamwerk en begrotings indien nie – word op vorige jaar se syfers gewerk.

2.2 Tekorte (rooi) rekeninge: Verwys hierna in die Bestuur se Rapport aan die Ledevergadering.

Aanbeveling: Hierdie saak moet aan die Ledevergadering voorgehou word. Die Kuratore en Deputate Jeugsorg moet dienooreenkomstig ingelig word.

2.3 Studentekas Kapitaalfonds en Venterskraal/Steynfonds moet saamsmelt met TSK se fonds.

Aanbeveling: Versoek die Kuratore om hieraan aandag te gee. Verwys hierna in die Bestuur se Rapport aan die Ledevergadering.

2.4 Ramings en die 1994-Sinodebesluit: Sinode 1994 het besluit dat die ramingsverhoging nie meer mag wees as 20% van die inflasiekoers, bygetel by die inflasiekoers nie (bv in Mei 2013: 6% + 20% van 6% = 1,2%).

Aanbeveling: Hierdie saak moet in die Rapport van die Bestuur aan die Ledevergadering voorgehou word met 'n gemotiveerde versoek tot revisie.

2.5 Agterstallige/oninbare ramings van kerke van die voormalige Sinode Suidland: Hierdie bedrae verskyn nog al die jare in die state as 'n aantekening en skep 'n skewe beeld.

Aanbeveling: Motiveer by Ledevergadering om dit uit state weg te laat.

2.6 Die Bestuur het kennis geneem van Ouditkomitee se Rapport aan die Sinode. Die Bestuur is deeglik bewus van die kwessies wat in hulle aanbevelings 4.1 tot 4.4 aan die Sinode gemaak word. Alhoewel Bestuur voortdurend hierdie aangeleenthede aanspreek sal dit goed wees as Sinode spesifieke opdragte in dié verband aan die Administratiewe Buro kan maak.

2.7 Die Finansiële State word as ongepubliseerde Bylae vir hierdie Rapport aangeheg en is reeds voor die Sinode aan die Deputate Pre-Advies Finansies en Ouditkomitee beskikbaar gestel. Die Finansiële State sal in die Handelinge van die Sinode gepubliseer word. Kyk gekonsolideerde opsomming vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2011 tot 2014 hieronder.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 goedgekeur.

ADMINISTRATIEWE BURO
GEKONSOLIDEERDE OPSOMMING VIR FINANSIËLE JARE GEËINDIG 30 JUNIE 2011 TOT 2014
EIE FONDSE, SPESIFIEKE FONDSE EN TRUSTFONDSE

INKOMSTE UIT EKSTERNE BRONNE	R'000	2011	2012	2013	2014	Groei p.j.	
Ramings ontvang		8,664	10,019	9,666	11,818	12.1%	
Bydraes en donasies		4,416	4,775	5,269	9,572	3.7%	*
Verkope		2,084	2,101	1,539	1,447		
Rente ontvang		1,133	994	1,450	1,666		
Huur ontvang		337	303	206	325		
Beursgelde terugontvang		128	197	-	17		
Totale inkomste		**16,762**	**18,389**	**18,130**	**24,844**	**6.8%**	*
Beweging			*10%*	*-1%*	*37%*		

**2014 se bedrag sluit 'n buitengewone skenking van R4.7miljoen in. Groei % sluit hierdie bedrag uit*

UITGAWES	R'000	2011	2012	2013	2014	Groei p.j.
Arbeid		7,611	8,421	7,982	8,355	
Toekennings, beurse, sustentasie		5,689	5,847	4,863	4,251	
Reis en verblyf		1,105	1,223	958	1,112	
Skryfbehoeftes en drukkoste		871	805	855	948	
Onderhoud en bate uitgawes		1,036	722	739	766	
Administrasie en ander uitgawes		507	476	386	382	
Kommunikasie		132	163	164	166	
Sinode		95	1,026		2	
Oninbare skuld		88	(6)	768	1	
Totale uitgawes		**17,134**	**18,678**	**16,713**	**15,983**	**-2.2%**
Beweging			*9%*	*-11%*	*-4%*	
NETTO SURPLUS (TEKORT)		**(372)**	**(289)**	**1,418**	**8,861**	

BATES EN LASTE	R'000	2011	2012	2013	2014	Groei p.j.
Geassosieerde fondse		79,457	77,729	80,562	85,473	
Bank & kontant		10,693	9,720	7,358	20,914	
Lenings		8,131	8,459	10,322	6,346	
Grond en geboue		1,355	1,355	1,355	1,355	
Voorraad		1,640	1,888	1,419	1,277	
Debiteure		604	857	517	396	
Ander laste		(4,313)	(4,560)	(2,214)	(2,949)	
Totale ekwiteit		**97,566**	**95,448**	**99,319**	**112,814**	**5.2%**
Beweging			*-2%*	*4%*	*14%*	
Ramings debiteure		4,835	5,646	6,883	7,011	
Beweging			*17%*	*22%*	*2%*	

Word by ontvangs as inkomste gereken

GEASSOSIEERDE FONDSE

bestaande uit

Emeritaatsversorgingstrust

GKSA Mediese versorgingsfonds

GKSA Ongeskiktheidsfonds
GKSA Ondersteuningsfonds

INKOMSTE UIT EKSTERNE BRONNE **R'000**	**2011**	**2012**	**2013**	**2014**	**Groei p.j.**
Beleggingsinkomste	7,866	8,427	15,867	16,757	**37.7%**
Ramings ontvang	14,723	15,625	14,618	16,660	**4.4%**
Bydraes en donasies	1,128	1,144	1,212	1,271	**4.2%**
Rente ontvang	46	41	31	293	**177.9%**
Totale inkomste	**23,764**	**25,237**	**31,727**	**34,981**	**15.7%**
Beweging		*6%*	*26%*	*10%*	

UITGAWES **R'000**	**2011**	**2012**	**2013**	**2014**	**Groei p.j.**
Emeritaatsversorging	23,911	26,179	28,131	29,061	
Administrasie en ander uitgawes	869	785	764	1,055	
Totale uitgawes	**24,780**	**26,964**	**28,895**	**30,115**	**7.2%**
Beweging		*9%*	*7%*	*4%*	

NETTO SURPLUS (TEKORT)	**(1,016)**	**(1,727)**	**2,832**	**4,866**	

BATES EN LASTE **R'000**	**2011**	**2012**	**2013**	**2014**	**Groei p.j.**
Beleggings	77,153	75,859	79,840	83,973	
Debiteure	944	2,121	871	1,683	
Bank & kontant	1,659	64	65	15	
Ander laste	(299)	(314)	(214)	(198)	
Totale ekwiteit	**79,457**	**77,729**	**80,562**	**85,473**	**2.5%**
Beweging		*-2%*	*4%*	*6%*	

Ramings debiteure	7,067	7,582	6,968	6,665	**-1.9%**
Beweging		*7%*	*-8%*	*-4%*	

Word by ontvangs as inkomste gereken

G. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

VERPLIGTE KOLLEKTES	**AANTAL**
Bybelverspreiding	1
Dankbaarheidsfonds	1
Kerklike Tydskrifte	1
Ekumenisiteit [Buitelands]	1
Ekumenisiteit – Gereformeerdes in Londen	1
Emeritaatsversorging	7
GKSA Sustentasiefonds	5
Pro Ecclesiastudieleningsfonds	1
Teologiese Studentekas	6
Christelike Onderwys – Instituut vir Christelike Onderwys [ICO]/Lesmateriaal	1
Deputate Jeugsorg	1

Besluit: Verpligte kollektes goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

VRYWILLIGE KOLLEKTES	**AANTAL**
Bystandsfonds vir Diakonie KO, art 25	1
TSP Biblioteekfonds	1
TSP Publikasiefonds	1
Thusofonds	1
Sentrum vir Kerkgroei [SBTB]	1

Besluit: Vrywillige kollektes goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).